



13 Junie 2023

## **MEDIAVERKLARING: INGRYPING MET NOOD HERSTELPLAN VIR LICHTENBURG – DITSOBOTLA MUNISIPALITEIT**

Na die finale ineenstorting van Lichtenburg Munisipaliteit het dit nou dringend noodsaaklik geword dat privaat sektor ingryping plaasvind om basiese dienslewering aan die gemeenskap en sake sektor te lewer. Dit was die boodskap wat tydens 'n gemeenskap vergadering by NWK se Opleidingsentrum aan bekommerde inwoners voorgedra is. Onder druk van hierdie vergadering en onlangse hofspraak het die Nasionale Tesourie noodgedwonge ingegryp en 'n finansiële herstelplan vir die Munisipaliteit opgestel.

Sakeliga met die samewerking van Agri NW, die sake sektor en die gemeenskap is reeds die afgelope drie jaar in 'n regsgeeding gewikkel om ingryping in die munisipaliteit te verkry om dienslewering te normaliseer.

'n Interim beplanningskomitee is verkies tydens 'n baie goed ondersteunde gemeenskap vergadering op 8 Junie, wat reeds met Nasionale Tesourie in gesprek getree het vir die daarstel van 'n weldeurdagte plan vir 'n publieke privaat vennootskap ooreenkoms.

Die komitee wat vandag vergader het stel spesifieke vereistes vir deelname en beskik oor die kundigheid van verskeie persone en instansies om dienslewering te herstel en te lewer.

'n Opvolg vergadering vir die moontlike finalisering van die ooreenkoms met Nasionale Tesourie vind binnekort plaas waarna die gemeenskap oor die uitkoms daarvan ingelig sal word.

### **Navrae:**

Boeta du Toit  
**Uitvoerende Hoofbestuurder, Agri NW**  
**082 388 1722**

Naudé Pienaar  
**Adjunk-Hoofbestuurder, Agri NW**  
**082 776 8283**